Vier nuwe lidmate vir die NG Gemeente Cambridge – die vrug van die gemeente se dienswerk onder kinders van die Garcia-subekonomiese munisipale woonstelle. Kloksgewys van bo links verskyn Loretta Pillay, Willie Vorster, Vivian September en Grace Devereaux.

’n Kerk wat omgee vir mense soos ek

Danie Mouton

Die Garcia-subekonomiese munisipale woonstelle in Oos-Londen is nie die soort plek waar ’n mens graag wil bly nie. ’n Hele katalogus van sosiaal-maatskaplike probleme soos gesins-geweld, verslawing, dwelmhandel, kinderverwaarlosing – en méér – kom hier voor.

Die woonstelblok is in die Cambridge-woonbuurt, so ’n kilometer of wat van die kerkgebou van die NG Gemeente Cambridge, geleë.

Ds Sas Swart vertel hoe die gemeente by hierdie woonstelblok, spesifiek die kinders, betrokke geraak het. “Hulle doen wonderlike werk om te verseker dat die kinders skool toe gaan, in die middae geleentheid het om huiswerk te doen (in die kerksaal) en ook die geleentheid kry om Jesus van Nasaret te leer ken en te volg.”

Daar is bitter min romanties aan dié werk. “Maar Jesus dring die gemeente, en daar is vrug op die werk.”

Deel van die vrug is die ouers van hierdie kinders wat kerklik ingeskakel raak, en op hulle beurt óf leer om die Here te volg óf om weer die geleentheid te kry om betekenisvol deel van ’n geloofsgemeenskap te word.

Belydenis van geloof

Vier volwassenes uit hierdie woonstelblok het onlangs belydenis van geloof in die Cambridge-gemeente afgelê.

Die briefies wat hulle geskryf het om hulle aansoeke om lidmaatskap te motiveer, is van die wonderlikste getuigskrifte wat ’n gemeente kan kry!

Grace Devereaux skryf aan die kerkraad:

> “Die rede waarom ek, Grace, ’n lid wil word van die gemeente is dat die kerk ’n belangrike rol speel in my lewe ... (dit is ’n kerk) wat omgee vir mense soos ek.”

Let op die woorde: “’n Kerk wat omgee vir mense.” Dit is ’n kerk wat om die regte redes aantreklik is en iets van die Here se hart vertoon.

Loretta Pillay sê die volgende:

> “Toe ek begin by die NG Kerk Cambridge, het ek onmiddellik welkom gevoel.”

Loretta se seun is in ’n rolstoel. Die kerk se uitreik het hom ’n plek gegee waarbinne hy kon sosialiseer en veilig wees. Wat die kerk vir haar seun gedoen het, het Loretta beweeg om in te skakel. Sy het gasvryheid ervaar.

Vivian September se briefie lees só:

> “Ek wil my kinders in ’n kerk grootmaak wat ek verstaan en hulle gewillig is om na toe te gaan.”

Volgens die godsdienssosioloog Rodney Stark sal nuwe bekeerlinge tot ’n geloof dikwels hulle toewyding in terme van die aanvaarding van nuwe leerstellings verduidelik. Wat hulle tussen die reëls bedoel, is dat hartlike verhoudings en gasvrye ontvangs legitimiteit aan die leer van die kerk verleen.

Willie Vorster skryf:

> “Ek wil opgeneem word in Cambridge om die mense van Cambridge te dien en te help waar ek kan.”

Willie word deel van die gemeente om deel te neem aan die dienswerk en getuienistaak.

Dit is ’n ervaring om te beleef dat mense om die regte redes deel word van ’n gemeente. Cambridge help ons verstaan waaroor kerkwees gaan!